# "DEBITEURE" VAN DIE BEDRYFSEKONOMIE*

**G.J. DE KLERK,** *Dept. Bedryfsekonomie, PU vir CHO.*

*ABSTRACT*
*Business Economics is a relatively young science, yet this fact presents a challenge to those who want to be called "debtors" of Business Economics. For the christian businessman or the lecturer in Business Economics it means a reformulation of the basic principle of Economics and an acknowledgement of the fact that economic decisions involve more than economic norms only. Accounts receivables represent I.O.U.'s and in order to evaluate credit risk one must consider the five c's of credit: character, capacity, collateral, capital and condition. If the liabilities, according to the requirements of the five c's, are met, the "debtors" will appear in their rightful place on the balance sheet, that is under the assets. Then and then only can "debtors" generate a "profit".*

## 1. Inleiding

Wanneer in iemand vertroue gestel word en die vertroue boonop met bepaalde verantwoordelikheid gepaard gaan, ontstaan gewoonlik 'n behoefte om 'n balansstaat op te stel. In so 'n balansstaat word dan gepoog om die vertroue teen die verantwoordelikhede op te weeg.

By die oorweging van die uitleg van 'n soort ideale balansstaat het die gedagte by my opgekom dat dosente ook as debiteure of "boekskuldenaars" beskou kan word.

Ons "skuld" oor die algemeen die gemeenskap en die sakelewe en in die besonder ons studente die kennis en insigte wat in geskrifte (of boeke, as u wil) verwesenlik word. By die aanvaarding van 'n doseerpos word ons dus debiteure van ons vakwetenskap.

Aan die hand van hierdie gedagte wil ek dan riglyne stel vir die voorwaardes wat behoort te bestaan as ons debiteure van die Bedryfsekonomie wil wees of wil word.

In die eerste plek is dit nodig om meer van die kredietgewer te wete te kom en word 'n agtergrondskets van die begrip "Bedryfsekonomie as wetenskap"

*Intreerede gelewer op 14 Mei 1982

**Koers, 47(4) 1982**

gegee. Omdat 'n buitengewone betekenis aan die begrip "debiteure" geheg word, word tweedens aandag aan hierdie begrip geskenk. Laastens word dan breedvoeriger by die ontleding en waardering van die "debiteure" van die Bedryfsekonomie stilgestaan.

Die beskuldiging dat teorie en praktyk van mekaar verwyder is, bied darem 'n soort uitkoms in 'n rede soos hierdie. 'n Mens kan met 'n paar beitelhoue op die wetenskapklip volstaan in die vertroue dat die vermoë van wetenskaplikes om te abstraheer daarvoor kan sorg dat dit selfs vir kuns aangesien kan word. Ek vertrou dat ek genoeg gaan kap om minstens 'n vae beeld te skep.

## 2. Bedryfsekonomie as wetenskap

### *2.1 ALGEMEEN*


Alhoewel wetenskaplikes geneig is om die status en belangrikheid van 'n wetenskap volgens sy ouderdom te beoordeel, is daar geen rede om nie toe te gee dat die Bedryfsekonomie 'n baie jong wetenskap is nie. In hierdie jeugdigheid lê baie onryphede en ongerymdhede opgesluit maar ook 'n besielende uitdaging vir diegene wat hulle aan hierdie wetenskap diensbaar wil maak (Rädal, 1956:3).

Oor die "geboortedatum" van die Bedryfsekonomie bestaan nie algemene ooreenstemming nie. Enkele handleidings en leerstukke word reeds in die Middeleeue aangetref, maar die telg het eers aan die einde van die 19de eeu sy ware karaktertrekke begin toon.

Op universitêre vlak is "Business Administration" sedert 1881 deur die Wharton School of Finance and Commerce in Philadelphia aangebied (Brits en Reese, 1981:5). Vanaf 1898 is bedryfsvraagstukke ook in Duitsland, Nederland, Switserland en Oostenryk bestudeer en gedoseer. Bedryfsekonomie soos dit vandag aan die Afrikaanse universiteite gedoseer word, het sy beslag eers na die Tweede Wêreldoorlog gekry.

Die belangrikste ontwikkelings het van die sogenaamde Duitse en Amerikaanse skole gekom. Hierdie twee denkrigtings het egter in belangrike opsigte van mekaar verskil. Die Duitse skool het 'n rigting ingeslaan wat fundamenteel en skolasties-akademies was, terwyl 'n neiging tot sistematiek en teoretiese abstraksie duidelik waarneembaar was. Die rede hiervoor lê in die feit dat die ontwikkeling uit die skool- en universiteitswese voortgespruit het. Die Amerikaanse rigting daarenteen het uit die sakepraktyk gegroei en behou nog steeds noue kontak met die praktyk en is dus in sy wese pragmatisties.

Aan die Afrikaanse universiteite en in die besonder die PU vir CHO is die invloed van beide skole merkbaar. Aan die een kant word aandag aan 'n teoretiese onderbou gegee sodat 'n stewige fondament gelê kan word. Dit bied ook die geleentheid om te besin oor dinge soos grondslae, Skrifperspektiewe en verbandhoudende Skrifgegewens. Aan die ander kant word die stewige fondament as basis gebruik om ook die sterk prakties karakter van die Amerikaners te benut. Gevallestudies word byvoorbeeld op so 'n wyse in die kursus geïntegreer dat die studente die kans kry om hulle teoretiese kennis en insig in 'n nagemaakte praktyk te toets. Dit moet egter beklemtoon word dat die optimum koördinering en balans tussen hierdie rigtings baie probleme oplewer. Dit verskil nie net van universiteit tot universiteit nie maar ook van dosent tot dosent. Ons moet dus steeds na die ware optimum kombinasie streef. Intussen kan ons troos vind in die wysheid van Aristoteles: "The investigation of the truth is in one way hard, in another easy. An indication of this is found in the fact that no one is able to attain the truth adequately, while on the other hand, no one fails entirely, but everyone says something true about the nature of things, and while individually they contribute little or nothing to the truth, by the union of all a considerable amount is amassed" (Aristotle, 1908, hoofstuk 1).




*Figuur 2.2.1*

## *2.2 NADERE OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP BEDRYFSEKONOMIE*

Die mens, primitief of hoogs beskaafd, het bykans onbeperkte behoeftes. Om hierdie behoeftes te kan bevredig is dit nodig dat die relatief skaars middele in die natuur omgevorm moet word sodat dit vormnut kan verskaf. Hierdie omvormings- of produksieproses vind in "selle" of bedrywe plaas. Die primêre sektor ontgin die rustof; die sekondêre sektor verwerk dit verder, en die tersiêre sektor plaas dit in die hande van die verbruiker en lewer ook dienste soos herstelwerk, finansiering ensovoorts. Hoe eenvoudiger die ekonomiese opset hoe nader is die natuur met sy bronne aan die verbruiker met sy behoeftes en omgekeerd.

Die Bedryfsekonomie het sy ontwikkeling veral te danke aan die feit dat steeds meer en komplekser behoeftes bevredig moet word en dat die afstand tussen die behoeftes en die bronne steeds groter word en groter sofisitikasie in die prosesse vereis. Die oorbrugging van die afstand tussen die verbruiker en die bron van behoeftebevrediging, ongeag die lengte, geskied volgens die ekonomiese prinsipe.

Die uitgebreidheid en kompleksiteit van die volkshuishouding het 'n behoefte aan spesialisasie tot gevolg. Deur die mikrobenadering word die enkele sel "onder die mikroskoop geplaas", sodat gekonsentreerde aandag aan die individuele bedryfse funksionering en ineengestrengeldheid met die volkshuishouding gegee kan word. Verdere spesialisasie kan daartoe lei dat deelgebiede soos finansiële bestuur na wetenskaplike selfstandigheid neig (kyk figuur 2.2.1).

Die stelsel kan in die teorie deur geheimsinnige reëls (die "invisible hand" van Adam Smith) gereguleer word soos vergestalt in die kapitalisme of deur 'n superoutoriteit soos in die sosialisme. In die praktyk vind die regulering eerder plaas deur middel van 'n tussentoestand wat na een van die uiterstes neig.

In die eerste en laaste plek staan alles onder die onbegrensde mag van die Koning van alle konings.

Met die voorgaande as agtergrond is dit nou moontlik om die definisies van Bedryfsekonomie van nader te bekyk. Limperg (1969:35): "De Bedrijfseconomie bestudeert nu in het bijzonder de verschijnselen in de bedrijfshuishoudingen ten aanzien van de werking voortvloeiende uit het economische motief".

### "Debiteure" van die Bedryfsekonomie*

Volgens Marx en Churr (1980:19—20) is die Bedryfsekonomie die wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die doelmatige funksionering van eenhede wat goedere en/of dienste beskikbaar stel om in die behoeftes van die mens te voorsien, in die besonder die doelmatige funksionering van private ondernemings op so 'n wyse dat hulle voldoende wins verdien en indien van toepassing bevredigende rendabiliteit lewer. Du Toit (1979:29) se definisie bevat basies dieselfde gedagte, behalwe dat die beheer deur die bedryfsleiding bygevoeg word. Brits en Reese (1980:5—6) omskryf Bedryfsekonomie as die wetenskap wat hom hoofsaaklik besig hou met "... the applicability of economic concepts and analysis to decisions made by business management". Bestuur en die belangrikheid van besluitneming kom hierin ook sterk na vore.

Uit bostaande definisies kan die probleemstelling waaronder die wetenskap bestudeer word, asook die studieterrein afgelei word. Die kenobjek of probleemstelling is dan die doelmatigheidstrewe en in die geval van 'n min of meer kapitalistiese stelsel die winsgewendheid of, liewer nog, die redabiliteit van voordeligheid die sogenaamde produksie-eenhede of bedrywe. Die ervaringsobjek of studieterrein is die eenhede wat goedere en/of dienste vir behoeftebevrediging lewer. Dit word egter vanuit die oogpunt van die individuele eenheid gedoen en is dus bloot die enkele bedryf. Oor die algemeen word dit aan die Afrikaanse universiteite ook nog beperk tot die bedrywe van die sekondêre en tersiêre sektore vir so ver hulle as private ondernemings georganiseer is (Rädel & Reynders, 1980:3).

Om Bedryfsekonomie te omskryf as 'n selfstandige deelwetenskap van die Ekonomie wat hom toespits op die toepassing van die ekonomiteitsbeginsel op alle verskynsels wat binne of buite die bedryf plaasvind so lank as wat die bedryfsleiding daaroor beheer het, is op die oog af aanvaarbaar.

Ekonomiteitsbeginsel beteken egter hier maksimum doelmatigheid, winsgewendheid of rendabiliteit. Hierdie maksimum se bedoeling is meermale ten alle koste of tot elke prys. Die doelwit moet eerder wees optimum doelmatigheid, winsgewendheid of rendabiliteit.

Optimisering word teenoor maksimering gestel omdat optimaal nog nie in hierdie verband dieselfde konnotasie as maksimaal het nie. Optimaal moet dan gekwalifiseer word, sodat dit maksimum met sekere voorbehoude of aanvaarbare maksimum beteken. Hierdie voorbehoude sal van bedryfsekonoom tot bedryfsekonoom verskil, omdat dit deur die raamwerk van die lewensbeskoulike oortuigings van die kensubjek beïnvloed word.

Die doelwit van die bedryfsonderneming word dan die optimisering van die rendabiliteit

van die eienaars met behoorlike inagneming van likiditeit en solvabiliteit maar steeds onderhewig aan heersende ekonomiese politieke en sosiale omstandighede in die betrokke land terwyl tyd- en risikofaktore ook nie uit die oog verloor mag word nie.

Vir die Christensakeman of -dosent in die Bedryfsekonomie beteken dit onder andere dat nie slegs die ekonomiese norm die beslissing vel nie. Ook juridiese, biotiese, estetiese en etiese norme moet onder die soeklig kom. "Tussen al die betrokke norme is daar 'n verband omdat hulle almal heenwys na 'n hoogste norm wat 'n religieuse karakter dra" (Viljoen, 1952:234).

As ons Calviniste wil wees, beteken dit dat die hoogste norm die Woord van God sal wees.

*2.3 IS DIT 'N WETENSKAP?*

Eers wanneer kennis betreffende bepaalde verskynsels so ver ontwikkel het dat ons insig kry in die oorsaaklike verband, dit wil sê, die oorsaak en gevolg van verskynsels, is daar sprake van wetenskap in enger sin. Die blote waarneming van verskynsels, gewone kennis en die versameling van feite, selfs die sistematisering van feite sonder enige verklaring kan nie as wetenskap in enger sin beskou word nie (Limperg, 1964:19—20). Solank geïsoleerde aspekte nog die voorwerp van studie uitmaak, skiet dit te kort. Eers wanneer hierdie geïsoleerde aspekte binne die raamwerk van 'n geheel ('n stelsel) gerangskik en verklaar is, kan van 'n wetenskap gepraat word (kyk Du Toit, 1979:10; Stoker, 1961:134 e.v.).

Die feit dat daar in die Bedryfsekonomie sekerheid oor sy probleemstelling bestaan en daar 'n duidelik omlynde studieterrein is, verskaf die raamwerk waarin verskynsels gerangskik en verklaar kan word. Heelparty besondere kenmerke, reëls en beginsels wat ook prakties uitvoerbaar is, voltooi die prentjie.

Die Bedryfsekonomie is inderdaad die resultaat van die ken- en denkaktiwiteite van die wetenskaplike wat hom in verbondenheid aan sy lewensbeskoulike oortuigings rig op 'n bepaalde ondersoekgebied as onderdeel van 'n groter werklikheid met behulp van gepaste metodes, met die doel om te kom tot 'n

afgeronde, gefundeerde sistematiese betroubare geheel van kennis wat die ondersoekgebied beskryf, verstaan en verklaar in sy verband met die hele werklikheid en wat aan die kultuurontplooiing van die skepping diensbaar is (Duvenage, 1981:28—29).

So saamgelees met Duvenage se omskrywing van wetenskap is Bedryfsekonomie beslis op selfstandige wetenskapstatus geregtig; meer nog: as die Christelike lewensbeskoulike oortuigings positief in die dinamiese gang van wetenskapsvorming geïntegreer word, word dit 'n Christelike Bedryfsekonomie.

Dit is hierdie wetenskap waarvan die toegewyde dosent dan debiteur word.

## 3. "Debiteure"

In die Finansiële Bestuur ontstaan debiteure as gevolg van kredietverkope. Deur krediet toe te staan aanvaar die onderneming 'n belofte om in die toekoms betaal te word (Mayo, 1978:264). Van Horne (1980:99) stel dit soos volg: "Accounts receivables represent I.O.U-'s ...". Soms word daar ook na debiteure as boekskulde verwys.

Debiteure beteken egter koste vir die onderneming en vra dus finansiering. Dit hou ook geld van ander gebruike weg en word gevolglik as 'n aanwending van fondse beskou (Mayo, 1978:265).

Aan die hand hiervan wil ek graag die betekenis van debiteure rek. Wanneer 'n dosent aangestel word, word eintlik 'n soort krediet aan hom toegestaan, en by aanvaarding van die pos word by implikasie beloof om te "betaal". Hierdie "debiteure" vra ook om finansiering en moet dus ook gesien word as iets wat aangewend kan word.

Vervolgens wil ek graag my vertolking gee van die verpligtinge van die "debiteure" en hoe hulle deur aanwending hierdie verpligting kan nakom. Daarmee kry ek tegelyk die geleentheid om te sê hoe ek my opdrag sien en om gedagtes te wissel oor hoe dit uitgevoer kan word.

## 4. Ontleding en waardering van die "debiteure" van die bedryfsekonomie

By die bepaling van die kredietwaardigheid van 'n klant word deur heelparty skrywers van "the five c's of credit" gepraat (kyk bv. Weston & Bringham, 1978:183). Analoog hieraan kan die debiteure van die Bedryfs-

ekonomie aan die hand van die vyf k's van krediet beoordeel word. Hierdie vyf k's staan vir karakter, kapasiteit, kollateraal, kapitaal en kondisie.

### *4.1 KARAKTER*

Daar is die engelse verhaaltjie van die onderwyser wat gevra is: "Waar in jou leerplan sluit jy die onderrig in religie in;" Sy antwoord was: "We teach it all day long. We teach it in the arithmetic by accuracy; in language by learning to say what we mean; in history by humanity; in geography by breadth of mind; in astronomy by reverence; in the playground by fair play. We teach it by kindness to animals, by good manners to one another and by truthfulness in all things" (Drescher, 1982:121). Ek sou graag byvoeg: "In Bedryfsekonomie deur op rentemeesterskap te wys".

Dit gebeur egter nie so maklik as wat dit klink nie. Die gevaar bestaan dat ons ons in ons pogings om kredietwaardige karaktertrekke te vertoon as 'n soort 20ste-eeuse Skrifgeleerdes of tollenaars tipeer

— 'n soort Skrifgeleerde omdat daar gereken word dat ons deur sekere selfgemaakte, selfaangepaste en selftoegepaste reëls die regte karaktervertolking kan gee om van Bedryfsekonomie 'n Christelike wetenskap te maak;

— 'n soort tollenaar omdat ons studente nie eens sal weet of en wanneer hulle onregverdige geldversamelaars geword het nie. Ons studente glo dan saam met so baie ander dat "the business of business is business".

'n Ander gevaar is dat ons te veel op eie houtjie wil verrig. God wag baiemaal dat ons moet ophou om iets te doen voordat Hy ingryp. Daar is tog twee maniere om 'n drenkeling te benader. Hy moet bewusteloos geslaan word of toegelaat word om te worstel totdat hy totaal uitgeput is, anders trek hy sy redder saam met hom die dieptes in.

Ons pogings vertoon meermale die beeld van 'n drenkeling wat dink dat hy homself met 'n wetenskaplike gespat kan red. Ons probeer om die sandloper van onder na bo vol te maak. Slegs as die sandloper se onderste helfte leeg is, kan die sand van bo na onder vloei.

As ons die karakter van die leë sandloper vertoon, kan ons op die volheid van Bo reken. Dan word frustrasies en verlamming in daadkrag omgesit (Kraan, p. 278). Laat ons egter saam met Paulus (2 Kor. 4:7 NV) bely:

"Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie".

Verder is ons geneig om in ons voortvarendheid soos die apostel Petrus 'n

Malchushou te slaan. Ons meen dan dat ons Christus daarmee ter syde staan. Wat nodig is, is om nederig en met volle vertroue in Christus terug te staan. Dan kan ons, in samewerking met die teoloë, die Woord doelgerig ondersoek sodat ware Calvinistiese antwoorde in die vakwetenskap gevind kan word.

Die nodigheid dat pogings aangewend moet word om Wetenskapsleer in die vakwetenskap te integreer, sal dan vanself verdwyn. Wetenskapsleer, wat nog deur party dosente gesien word as die wonderpoeier wat aan vakwetenskappe 'n Christelike geur moet gee, kan dan sy regmatige plek inneem.

Moontlik is die probleem dat die kwytskelding van sondes niks kos nie. In Ekonomiese terme is iets wat geen prys het nie, waardeloos. Tog is dit 'n oorvereenvoudigde siening. Christus het die hoogste prys betaal en SKENK aan ons die verlossing. Wat 'n salige ruil! — dit kos niks maar verplig ons tot alles. Ons was sondedebiteure maar is tot dankbaarheidsdebiteure verhef. Dit is debiteure van die liefdeseis soos Paulus dit in sy brief aan die Romeine (13:8 NV) verwoord:

"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê".

Hou ons by hierdie eis, dan lei ons rentmeesters op wat weet dat hulle as huurlinge die gawes van God volgens sy wil moet bestuur. Dan eers is ons aanwending geregverdig.

*4.2 KAPASITEIT*

Geen klant sal ooit krediet ontvang as hy nie, benewens sy bereidwilligheid om te betaal, nie ook oor die vermoë beskik om wel die verpligting na te kom nie.

Ons moet dus oor 'n sekere kapasiteit beskik om as potensiële debiteure beskou te word. Dit is die kapasiteit om antwoorde op die kwelvrae in die vakterrein te kan gee. Dit is geen maklike taak nie, want eerstens moet hierdie antwoorde altyd die stempel van ons karakter dra, en in die tweede plek is die stroom van nuwe vakkennis so groot dat 'n mens voluit moet swem net om op dieselfde plek te bly.

Ons moet ten minste bereid wees om antwoorde te kan verskaf oor die grondslae en geskiedenis van die vak, oor sy terminologie en basiese uitgangspunte maar in die besonder vir die bedryf antwoorde op vrae wat

tegelyk ook bepaal hoe die kurrikulum van die Bedryfsekonomie saamgestel kan word. Ek glo dat die antwoorde op die vrae: Wat? Wie? Waarin? Waarom? Vir wie? Waarmee? Waar? Waarbinne? en Waartoe? tegelyk ook as riglyn by die opstel van 'n kurrikulum gebruik kan word. My voorstel sien soos volg daar uit:

*4.2.1 Wat?*

(i) Die doelstellings en doelwitte van die onderneming moet behandel word.
(ii) Aandag moet aan die bedryf as voorsiener, as onderdeel van die ekonomiese stelsel en sy sosiale verantwoordelikheid gegee word.
(iii) Watter produk of diens gelewer kan word om bestaande of potensiële behoeftes te bevredig.

*4.2.2 Wie?*

(i) Dit vra 'n ontleding van die kenmerke van die ondernemer.
(ii) Dit verg ook perspektief op die toekomsmoontlikhede van die ondernemer.

*4.2.3 Waarin*

Ondersoek moet ingestel word na:
(i) die betekenis van begrippe soos onderneming en bedryf;
(ii) die oprigtingsvraagstukke van die bedryf;
(iii) kombinasies en konsolidasies;
(iv) die gevare en voordele van die grootbedryf en kleinsakeondernemings.

*4.2.4 Waarom?*

(i) Die winsmotief moet verdedig word soos Reynders dit stel:
" 'n Gesonde verantwoordelike egoïsme moet nie noodwendig onsosiaal of immoreel wees en met altruïstiese bedoelings verbloem word nie" (Rädel en Reynders, 1980:4). Ek vra nie hiermee ongebreidelde kapitalisme nie maar eerder 'n verantwoordelike ondernemerskorps wat toegelaat moet word om, onder die aansporing van die winsmotief, hulle inisiatief te gebruik sodat almal daarby baat vind. Uiteraard is die temperende invloed van die staat nodig, maar dan moet in gedagte gehou word dat as inisiatief te veel gedemp word, sukses alleen met dwang verseker kan word.
(ii) Die aard van risiko en hoe dit gehanteer kan word, moet ontleed word.

(iii) Doeltreffendheid en hoe dit deur administrasie en beheer optimaal bereik kan word, moet vasgestel word.

*4.2.5 Vir wie?*

(i) Bemarkingsnavorsing is 'n voorvereiste.
(ii) Onderskeid moet getref word tussen die verbruiker-, industriële, owerheids- en multinasionale markte.
(iii) Verbruikersgedrag moet ondersoek word.
(iv) Bemarkingsbestuur moet bestudeer word, en hierin moet aan produk-, prys-, verkoopsbevorderings- en distribusiebeleid aandag gegee word.

*4.2.6 Waarmee?*

(i) *Grondstof- en natuurbronne.* Dit sluit in leiding en perspektief oor vermorsing, besoedeling en versteuring van die ekologiese balans.
(ii) *Kapitaal.* Hoeveel kapitaal nodig is, hoe om dit in die hande te kry en hoe dit aangewend behoort te word, het tot die subdissipline Finansiële Bestuur gelei. Omdat dit die terrein is waarop ek my veral toelê, neem ek die vrymoedigheid om 'n bietjie meer uit te brei.

Die nuwe benadering op hierdie terrein is die sogenaamde stelselbenadering. Dit beteken prakties gesproke dat die finansiële afdeling nie 'n blote fondsinsamelingsburo kan wees nie maar 'n integrale eenheid van die ondernemingsopset uitmaak. Die benadering het finaal afgesien van die misvatting wat te veel klem op die verkryging van kapitaal en te min aandag aan die aanwending bestee het. Hoewel hierdie klemverskuiwing algemeen aanvaar word, is die kurrikulums van veral ons Afrikaanse universiteite nog steeds swaarder aan die verkrygingskant gelaai. Ons sal dus positief in die rigting van 'n gesonde ewewig moet werk.

Op nagraadse vlak behoort ons ons ook meer op die ontwikkeling van ons studente toe te spits. Dit kan veral bereik word deur die sinvolle gebruik van gevallestudies. In baie gevalle word op magistervlak nog te veel klem gelê op die vermoë van die student om 'n groot hoeveelheid werk te kan bestudeer. Diepgaande diskussies oor teoretiese grondslae, toetsing van insigte, stimulering van kreatiewe denke en vermoëns om te abstraheer moet noodwendig hieronder ly.

(iii) *Arbeid.* Personeelbestuur kom hier ter sprake. Hieraan behoort net aandag gegee word in soverre dit vir die organisatoriese en bestuursopset belangrik is; dit wil sê beginsels en metodes waarvolgens arbeids-

produktiwiteit verkry kan word, terwyl die res aan Bedryfs- en personeelkunde en Bedryfsosiologie oorgelaat moet word.

'n Saak waaroor die Bedryfsekonomie in samewerking met die Bedryfsosiologie dringend aandag moet gee, is die opleiding van bestuurders wat in staat is om vakbonde en hulle probleme te kan hanteer.

*4.2.7 Hoe?*

(i) Algemene bestuur.
(ii) Produksiebestuur, waaronder die bou, aanleg en inrigting van die fabriek.
(iii) Aankoopbestuur.
(iv) Voorraadbestuur.

*4.2.8 Waar?*

(i) Vestigingsplekteorie.
(ii) Desentralisasiebeleid en hoe dit uitgevoer kan word.

*4.2.9. Waarbinne?*

(i) Die bedryfsomgewing, dit wil sê die eindtotaal van die fisieke, maatskaplike, politieke, tegnologiese, ekonomiese, institusionele en religieuse omgewings.

*4.2.10 Waartoe?*

(i) Tot verbetering van die doeltreffendheid van die bedryf.
(ii) Tot groter maatskaplike voordeel.
(iii) Tot eer van God Drie-enig.

As 'n dosent in staat is om antwoorde op hierdie basiese vrae te verskaf, is die fondament vir diepgaande en meer gespesialiseerde studie gelê. Gaan dit boonop gepaard met 'n bereidwilligheid om voortdurend krities na die antwoorde te kyk en om geanker in lewensbeskoulike oortuigings nuwe denkrigtings te ontgin, kan sy kapasiteit as genoegsaam beskou word en word hy 'n ware "debiteur" van die Bedryfsekonomie.

*4.3 KOLLATERAAL*

Hieronder word verstaan dat die sekuriteit wat die klant kan bied,

beoordeel word.

Die sekuriteit wat 'n dosent kan aanbied, is sy lojaliteit, sy kwalifikasies, sy doseer- en navorsingsvermoë en sy gewilligheid om gemeenskapsdiens te verrig.

Dosente moet dus bereid wees om hulle lojaliteit te toon deur hulle kwalifikasies, doseertegnieke en navorsingsresultate op die hoogste moontlike vlak te hou en om waar dit kan, 'n bydrae in die gemeenskap te lewer.

In ons Fakulteit bestaan die gevaar altyd dat die groen gras aan die ander kant van die draad ons daartoe bring om dit as bedingingshefboom te gebruik. Uiteraard is dit nie sonder betekenis nie, maar as dit die enigste grond vir bedinging geword het, kan dit daartoe lei dat ons ons sekuriteit verbeur.

Die neiging van "publish or perish" op universiteite is 'n gevaarteken; en as dit te veel momentum kry, kan dit ernstige skade berokken. Nie alle dosente beskik oor die seldsame talent om te stimuleer, uitdagings te stel en groot getalle studente te inspireer nie. Die tyd van die enkelinge wat wel kan en wat meesal hier poste beklee, word so in beslag geneem deur navorsing wat net op publikasie gerig is, dat die tyd om voorgraadse klasse waar te neem, waar die getalle juis groot is, ontbreek. Dit moet dan in die hande van die junior personeel gelaat word. Studente weet baie goed wanneer 'n dosent oor 'n goeie doseervermoë beskik, en hulle ontwikkel maklik 'n teësin in 'n sukkelende dosent. Dobson (1970:104) sê hieroor: "Yet the universities continue to value something relatively unimportant to the students. There is little reward or credit given to inspirational teachers; the universities reserve their respect and tribute for the professors who contribute to the professional literature".

Ek bedoel nie om hiermee te sê dat navorsing en publikasies wat daaruit voortvoei, onbelangrik is nie. Oormatige klem daarop kan egter tot wanpraktyke lei. Navorsing moet tot beter wetenskapsbeoefening lei en uiteindelik 'n bydrae tot beter doseerwerk lewer of die gemeenskap dien. Navorsing wat net met die oog op publikasies en bevordering gedoen word, word dan bloot 'n middel wat deur die doel geheilig moet word.

Miskien het die tyd aangebreek dat ons ook 'n sterk saak moet uitmaak vir selfstandige navorsingsposte in ons Fakulteit. Dit sal twee vlieë met een klap wees, want dit kan die dosent wat werklik oor 'n besondere doseervermoë beskik, meer geleentheid bied om veral voorgraadse klasse te behartig, terwyl die uitstekende navorser en akademikus hom op navorsing kan toespits.

Laastens verwag elke dosent dat hy volgens sy besondere meriete vir bevordering beoordeel sal word. Die voorwaarde is egter dat dosente daarna moet streef om hulle deur onkreukbare lojaliteit en unieke prestasies te onderskei.

### *4.4 KAPITAAL*

'n Onderneming kan nie krediet toestaan as sy eie vermoë hom nie daartoe in staat stel nie. Die onderneming moet dus ook oor die nodige fasiliteite beskik om debiteure te kan akkommodeer.

Gelukkig is fisiese fasiliteite nie 'n absolute voorwaarde vir welslae in die klassituasie nie, en alhoewel daar altyd ruimte vir verbetering is, kan ons nie regtig kla nie, veral nie as ons die huidige situasie maar net met die toestand in die vorige dekade vergelyk nie.

Baie belangrik is egter dat die administrasie van so 'n gehalte moet wees dat dosente se administratiewe take tot 'n minimum beperk word. Daar moet gewaak word dat akademies hoogs opgeleide mense nie die meeste van hulle tyd moet gebruik om vorms in te vul nie. In die private onderneming sal daar nooit gedroom word om uitvoerende amptenare roetinetake te laat vervul nie.

'n Groot gedeelte van die papierwerk in 'n bedryf is afkomstig van personeelspesialiste, dit wil sê van buro's en adviesliggame wat lynpersoneel van raad moet dien. Voordat so 'n personeelspesialis die lig sien, moet eers gesorg word dat die inligtingstelsel in die bedryf van so 'n aard is dat inligting uit die normale inligtingsvloei verkry kan word. As dit nie kan nie, beteken dit dat hulle hulle inligting by wyse van vraelyste, onderhoude ensovoorts moet verkry. Dit bring mee dat die administratiewe las van die lynpersoneel veel swaarder word. Dit geld uiteraard ook vir universiteite.

Die universiteit moet bo en behalwe die fisiese fasiliteite ook andersoortige fasiliteite skep. Vanweë die tekort aan geskoolde mannekrag is die eise wat tans aan bedryfsleiers gestel word, van so 'n aard dat ons eerder generaliste as spesialiste moet oplei. Dit beteken dat oor vakgrense heen met mekaar gepraat sal moet word. Op die wyse kan die spraakverwarring, wat nog heel dikwels in die terminologie voorkom, uit die weg geruim word en kan onnodige duplisering uitgeskakel word. Dit vra niks minder as 'n spanpoging van verskeie verwante vakwetenskappe nie, en geleenthede vir sulke byeenkomste moet geskep word.

As Van Riessen (1962:5) beweer dat die ondersoekterreingebied van die Wys-

begeerte die gebied van alle wetenskaplike grensprobleme is, dan is dit duidelik dat ons wanneer ons as spesialiste bymekaarkom, nie sonder die dienste van die filosowe kan klaarkom nie. Meer nog as die Christelik religieuse instelling nie tot die kern van die vakwetenskaplike denke, dit wil sê tot sy wysgerige grondlegging, deurdring en sy metode van vraagstelling beïnvloed nie: Dan moet ons (aldus Dooyeweerd) nie langer die term *Christelike wetenskap* gebruik nie.

Die pogings van die Senaatskomitee vir Wetenskapsleer en die studiegroep vir Christelike Wetenskap aan die PU vir CHO is lofwaardige pogings wat ons volle steun verdien.

'n Probleem is egter dat slegs die vakwetenskaplikes self in staat is om hierdie soort wysbegeerte vir hulle vakwetenskappe bruikbaar te maak. Dit het tot gevolg dat vanuit die mikroveld na makroperspektiewe beweeg moet word. Probleemgebiede en knelvrae moet in die spesifieke studieterrein ontdek word, en die vakwetenskaplike moet dan in samewerking met die filosowe na antwoorde soek. Anders verskaf die filosowe antwoorde op vrae wat ons nog nie eens kan formuleer nie, en skep dit verwarring en uiteindelik teësin.

Daar moet gewaak word teen 'n filosofisme en gewerk word in die rigting van die beeld van Van der Hoeven (1980:69). Hy vergelyk die historiese ontwikkeling tussen Wysbegeerte en vakwetenskappe met 'n hand wat sy vingers so versprei dat elke vinger nie net sy eie betekenis beskryf nie maar ook die moontlikhede van die hand as geheel na vore bring. Die Wysbegeerte is dus 'n vinger naas ander vingers, hoewel egter die toonaangewende vinger.

Van Niekerk (1982:5) sê hieroor: "Die wysbegeerte is solank dit egte wysbegeerte wil bly, die enigste wetenskap wat met reg die integrerende faktor kan wees in die groot verskeidenheid en saambundeling van wetenskappe".

Ek dink dat ons nie altyd besef hoe bevoorreg ons aan ons Universiteit is nie. Ons aanvaar baiemaal die fasiliteite om tot Christelike wetenskap te kom as vanselfsprekend.

Deur die fisiese en ander fasiliteite word ons in staat gestel om ware "debiteure" van die Bedryfsekonomie te wees, maar dan moet ons die geleentheid te baat neem en dit ten volle gebruik.

*4.5 KONDISIE*

By die ontleding en waardering van debiteure moet die algemene ekonomiese

toestande ook in ag geneem word.

'n Onlangse ondersoek deur die RGN het getoon dat die relatiewe posisie van die dosent op die skaal van winsgewende beroepe steeds aan die verswak is. Om dosente te behou of te trek word daagliks moeiliker, en die rede is nie bloot 'n materialistiese ingesteldheid nie. Die inflasiekoers het daarvoor gesorg dat dit vir 'n junior lektor byna onmoontlik is (tensy hy hulp van elders kry) om 'n huis te koop. Die gaping tussen die salarisse in die sakewêreld en die universiteite het so groot geword dat dosente hulle salarisse selfs kan verdubbel as hulle tot die sakewêreld wil toetree. Dit hou 'n besliste bedreiging vir die gehalte van opleiding in. Dit is 'n bose kringloop wat gestuit moet word, en myns insiens moet die sakewêreld self hierin die leiding neem.

As hulle van universiteite verwag om die beste opleiding te verskaf, sal hulle bereid moet wees om meer geld aan universiteite te gee as dit kan, selfs vir subsidiering van salarisse maar ten minste genoeg geld om fasiliteite vir navorsing en dan veral basiese navorsing te skep. Die geleentheid om basiese navorsing te doen straal 'n soort magnetisme uit wat meesal vir die akademies geneigde student onweerstaanbaar is. Kontraknavorsing verskaf weer broodnodige kontak met die praktyk. Kortom, die eindtotaal van dit alles is wedersydse bevrugting wat dosente uit hulle ivoortorings laat klim en pragmatiste tot die besef bring dat beginsel en teorie tog ter sake kan wees.

As ons toegelaat word om veral basiese navorsing te doen, sterk dit boonop ons hande as ons saam met die Technikons om fondse moet meeding. Ons moet daarby ook ons opleiding so differensieer dat daar 'n duidelike onderskeid is. Ons opleiding moet gerig wees op die inskerp van beginsels wat wye toepassingsmoontlikhede inhou. Insigte moet verbreed word, en kreatiewe denke en teoretiese abstraksie moet gestimuleer word.

Die ontwikkeling van gewoontevaardighede en die aanleer van bruikbare tegnieke of te wel beroepsafrigting kan gerus aan die Technikons oorgelaat word. 'n Voorbeeld kan verhelderend wees. As die Technikons studente leer hoe om 'n kasregister te hanteer, moet ons ons studente die waarde van likiditeit leer. Op dié manier skep ons die soort akademiese klimaat wat die vloei van ekonomiese middele na ons toe 'n groter moontlikheid maak.

Die voorwaarde om uiteindelik debiteure van gehalte te hê is dat die ekonomiese toestande gunstig moet wees. Soos in die onderneming kom dit by ons ook nie vanself nie: ons moet daarvoor en daarnatoe werk.

5. Samevatting

As ons verwag dat krediet aan ons toegestaan moet word, moet ons

kredietwaardig bevind word. Dit beteken dat ons die bereidheid moet hê om ons verpligtinge na te kom, die vermoë moet besit om dit te kan doen, en as die nodige fasiliteite verskaf word, ly dit geen twyfel dat die debiteure hulle regmatige plek sal inneem nie. Dit is aan die batekant van die balansstaat. Dan is debiteure bates wat aanstons nie meer net boekwaarde besit nie maar hulle waarde realiseer.

Voldoen ons aan die gestelde eise, verskaf ons aan die universiteite 'n konstante waardestroom. Dan is ons aanwending geregverdig en is ons in die uitvoering van ons pligte en die antwoord op ons roeping tegelyk profete, priesters en konings

profete, omdat ons ons studente leer dat ons ekonomiese handelinge van ons Christenskap moet getuig;

priesters, omdat ons ons studente leer dat ons ook ekonomiese offers aan God en ons naaste moet bring;

konings, omdat ons ons studente leer dat ons oor ons begeertes tot verkeerde behoeftebevrediging moet heers.

Dan genereer die "debiteure" van die Bedryfsekonomie 'n "wins," want dan lewer ons studente wat die van van ons Universiteit waardig is. *Dan* is ons lewe Christus en ons sterwe WINS.

BIBLIOGRAFIE

ARISTOTLE. 1908. Metaphysics. Oxford : Clarendon. Boek II, hoofstuk 2.

BRITS, R.N. & REESE, K. 1981. Business economics for South African students. 2nd. ed. Johannesburg : McGraw-Hill.

BUFFA, E.S. & PLETCHER, B.A. 1980. Understanding business today. Illinois : Irwin.

CHURCHMAN, C.W. 1961. Prediction and optimal decision. (Philosophical issues of a science of values. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

DOBSON, J. 1970. Dare to discipline. Illinois : Tyndal.

DRESCHER, J. 1982. If I were starting all over again. *Readers Digest,* 120 (717) : 110—121 January.

DU TOIT, C.M. (red). 1979. Fundamentele bedryfsekonomie. Durban : Butterworth.

DUVENAGE, B. 1981. Roeping en wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.

FRANKS, F.R. & SCHOLEFIELD, H.H. 1977. Corporate financial management. 2nd ed. Westmead, Farnborough : Gower Press.

GITMAN, L.J. 1979. Principles of managerial finance. 2nd ed. New York : Harper & Row.

GUTHMANN, H.G. & DOUGALL, H. 1962. Corporate financial policy. 4th ed. Englewood Cliffs : Prentice-hall.
KRAAN, R.J. *In* Overduin, J. *red.* s.j. Wonder boven wonder. 3de druk, Wageningen : Zomer en Keurings.
LIMPERG, T.H. (jr.). 1964. Bedrijfseconomie. Deel I, Algemene inleiding tot de bedrijfshuishoudkunde en leer van de waarde. Antwerpen : Kluwer.
MARX, F.W. & CHURR, E.G. 1979. Grondbeginsels van die bedryfsekonomie. Pretoria : HAUM.
MARX, F.W. & VAN ASWEGEN, P.J. *reds.* 1979. Die bedryfsekonomie: 'n kort oorsig. Pretoria : HAUM.
MAYO, H.B. 1978. Basic finance : an introduction to money and financial management. Philadelphia : Saunders.
MEIJ, J.L. Leerboek der bedrijfseconomie. Deel I. Theoretische bedrijfseconomie I. 9de druk.'s- Gravenhage : G. Delwel.
RÄDEL, F.E. 1956. Teorie en praktyk in die bedryfsekonomie as wetenskap. Pretoria : Unisa.
RÄDEL, F.E. & REYNDERS, H.J.J. *reds.* 1980. Inleiding tot die bedryfsekonomie. 4de uitgawe. Pretoria : Van Schaik.
STEPHENSON, J. 1934. Principles of business economics. 2nd. ed. London : Pitman.
THIERRY, H. 1968. Algemene Economie en bedrijfseconomie. 7de druk. Arnhem : Van der Wiel.
VAN DER HOEVEN, J. 1980. Peilingen : korte exploraties in wijsgerig stroomgebied. Amsterdam : Buijten en Schipperheijn.
VAN DER SCHROEF, H.J. 1961. Leiding en organisatie van het bedrijf. Amsterdam : Kosmos.
VAN DER WALT, B.J. 1982. Visie en wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.
VAN NIEKERK, P.J. 1982. Die betekenis van filosofie vir die ander wetenskappe. (Lesing gelewer op 26 Maart 1982 as deel van die Stokerlesings, PU vir CHO. Ongepubliseer.)
VAN RIESSEN, H. 1962. Filosofie en wysheid. Delft : Waliman.
VILJOEN, D.J. 1952. Die objek van die bedrijfseconomie. *Koers,* 18 (4). Junie.
WEBB, S.C. 1976. Managerial economics. Boston : Houghton Mifflin.
WESTON, J.F. & BRIGHAM, E.F. 1971. Essentials of managerial finance. New York : Holt, Rinehart & Winston.

• • •